

Die Heilsorde

Dr Hennie van Wyk

'N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE IS:

(Hierdie orde is 'n geloofsorde)



IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

WEDERGEBOORTE IS DIE BEGIN VAN 'n NUWE LEWE IN DIE DOOIE HART VAN MY AS SONDAAR. SOOS MY GEBOORTE BUIE MY WIL PLAASGEVIND HET, SO VIND MY WEDERGEBOORTE BUIE MY WIL IN MY PLAAS - DIT IS DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN MY.

✓ Kan jy jou eie geboorte onthou? X

✓ Het jy jou ouers gekies? X

✓ Het jy jou geslag gekies? X

✓ Het jy jou taal / volk gekies? X

IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

WEDERGEBOORTE IS DIE BEGIN VAN 'n NUWE LEWE IN DIE DOOIE HART VAN MY AS SONDAAR. SOOS MY GEBOORTE BUIE MY WIL PLAASGEVIND HET, SO VIND MY WEDERGEBOORTE BUIE MY WIL IN MY PLAAS - DIT IS DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN MY.

Kan jy jou eie geboorte onthou? **X**

Het jy jou ouers gekies? **X**

Het jy jou geslag gekies? **X**

Het jy jou taal / volk gekies? **X**

**Jy het dus geen aandeel gehad
in jou geboorte nie.**

**Jy hoef nie die geboorte te
onthou nie – maar jy word bewus
dat jy gebore is in insidente
in jou groot-word, soos geslag, taal
en volksverband.**

IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

Johannes 3:3-6: Jesus het hom geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie **van bo** gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Nikodemus sê vir Hom: “Hoe kan 'n mens weer gebore word as hy reeds oud is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die moederskoot ingaan en gebore word nie?” Jesus antwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit **water én Gees** gebore word nie, kan hy die koninkryk van God **nie binnegaan nie**. Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees.

God se inisiatief

**2 Lewens-
noodsaaklikhede**

God se beheer

IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

Johannes 3:3-6: Jesus het hom geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Nikodemus sê vir Hom: “Hoe kan 'n mens weer gebore word as hy reeds oud is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die moederskoot ingaan en gebore word nie?” Jesus antwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én **Gees** gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees.

In die oorspronklike tale waarin die Bybel geskryf is, kan die woord wat hier vertaal is, met een van twee woorde vertaal word: Gees/gees of of wind.

Hebreeus: רוּחַ (roag)

Grieks: πνεῦμα (pneuma)

Latyn: spiritus. [Die Bybel is nie in Latyn geskryf nie, maar Latyn was vir eeue die amptelike kerktaal]

Pneuma word in vers 8 met "wind"vertaal.

Let op die geniale redenasie van Jesus! 'n Baba se eerste onafhandlike handeling is om asem (wind) te haal, en op die sterfbed blaas iemand die laaste asem (wind uit).

Asem word gekoppel aan lewe.

Die liggaam haal asem en leef;

Die siel / gees haal asem (Gees) en leef.

IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

Efesiërs 2:1-5: **Julle was dood** deur die oortredings en sondes waarin julle vantevore geleef het, volgens die bose lewenswyse van hierdie bedeling, volgens die heerser oor die mag van die lug – die heerser van dié gees wat nou aan die werk is onder die seuns van die ongehoorsaamheid. Ons almal het vantevore soos hulle opgetree toe ons die begeertes van ons sondige aard en van ons gedagtes uitgeleef het. **Ook ons, soos al die ander, was van nature kinders bestem vir die oordeel.** **Maar** God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel **ons dood** was as gevolg van die oortredings, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, **saam met Christus lewend gemaak** – uit genade is julle verlos!

Ou mens beteken vorige mens, een wat deur die sonde regeer is.
Eindbestemming: ewige dood

Nuwe mens leef, want hy / sy het saam met Christus opgestaan.
Enigste rede: God is barmhartig. Begenadig die mens

IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

Romeine 7:18: Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, dit wil sê, nie in my sondige aard nie. Die wil bestaan wel by my, maar die doen van die goeie nie.

Romeine 8:7: Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Ou mens kan nie ewig leef by
God nie.
Ongehoorsaam maak ons
vyande van God.
Eindbestemming: ewige
dood

HOE EN WANNEER?


Johannes 3:5 - 8: Jesus antwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie daaroor verbaas wees dat Ek vir jou gesê het, ‘Julle moet van bo gebore word’ nie. Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.”.

Op Sy tyd gee God Sy Gees.
Dink aan die wind – ’n briesie. Ons is gewoonlik nie bewus daarvan nie.

Waar kom wind vandaan?
Waar gaan hy heen?
Gelukkig weet ons waar die Gees vandaan kom! God stuur Hom.


HOE EN WANNEER?

Titus 3:5: het **Hy ons verlos** – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van **sy ontferming** – by wyse van die **afwassing** deur die **weergeboorte** en **vernuwing** deur die **Heilige Gees**



HOE EN WANNEER?


1 Korintiërs 2:13-15: Ons praat ook oor hierdie dinge, nie met woorde wat menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer, terwyl ons geestelike dinge met geestelike dinge beoordeel. Maar 'n niegeestelike mens aanvaar nie wat van die Gees van God kom nie; vir hom is dit immers dwaasheid, en hy kan dit nie begryp nie, omdat dit slegs geestelik beoordeel kan word. Die geestelike mens beoordeel egter alle dinge, hoewel hyself deur niemand beoordeel kan word nie. "Want wie het die gedagte van die Here geken, om vir Hom te kan voorskryf?" Wat ons betref, ons het die denkwysse van Christus.



HOE EN WANNEER?

Filippense 2:13: Want Hy wat die gewilligheid en die optrede **in julle bewerk** soos Hy dit goeuvind, is **God**.

1 Petrus 1:3, 23: Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, **opnuut verwek** het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê. Julle is immers **weer gebore**, nie uit **verganklike saad** nie, maar uit **onverganklike saad** – deur die lewende en blywende woord van God.



WEDERGEBOORTE

- ✓ Kan jy jou wedergeboorte onthou? **X**
- ✓ Het jy jou God gekies? **X**
- ✓ Het jy jou geloof gekies? **X**
- ✓ Het jy God vir genade gevra? **X**

IS WEDERGEBOORTE NOODSAAKLIK?

✓ Kan jy jou wedergeboorte onthou? X

✓ Het jy jou God gekies? X

✓ Het jy jou geloof gekies? X

✓ Het jy God vir genade gevra? X

WEDERGEBOORTE IS DIE BEGIN VAN 'n NUWE LEWE IN DIE DOOIE HART VAN MY AS SONDAAR. SOOS MY GEBOORTE BUIE MY WIL PLAASGEVIND HET, SO VIND MY WEDERGEBOORTE BUIE MY WIL IN MY PLAAS - DIT IS DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES IN MY.

**Jy het dus geen aandeel gehad in jou
wedergeboorte nie.**

**Jy hoef nie die wedergeboorte te onthou nie –
maar jy word bewus dat jy wedergebore is in
insidente in jou geloofsgroei, soos Wie God is,
watter kerk jy in opgroei.**

**HIERDIE ALGEHELE VERNUWING VAN DIE MENS WORD DIE WEDERGEBOORTE
GENOEM. DIT IS 'n KRAGDADIGE VERBORGE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES
WAARDEUR DIE HERE VAN JOU 'n GEHEEL NUWE MENS MAAK, SODAT JY KAN
GLO EN JOU KAN BEKEER.**

WEDERGEBOORTE